# Ons Woorde (Deel 2)
# "Regte en Verkeerde belydenisse"




**2026-06-07**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Wat bely ons?

**Heb 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.**




**Heb 4:14 In as much then as we have a great High Priest Who has [already] ascended *and* passed through the heavens, Jesus the Son of God, let us hold fast our confession [of faith in Him].**




- **Bevestig iets wat jy glo.**
- **Getuig van iets wat jy weet.**
- **Getuienis te gee van die waarheid wat jy in glo en aangeneem het.**

## Die Fondasie Van Jou Belydenis

Rom 10:8 Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:

Rom 10:9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;

Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.



## Jou Nuwe Status

2 Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

Rom 10:13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.



- Begin om te bely wie jy nou is in Jesus Christus.
- Begin om te bely hoe God die Vader jou nou sien.
- Begin om die krag van die Heilige Gees in jou lewe te bely.

## Ons Woorde

**Spr 18:21  Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.**

**Mat 12:36  Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.**

**Mat 12:37  Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.**

## Ons Woorde

**Jak 3:8  Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.**

**9  Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is.**



**10  Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie.**



**11  'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie?**
**12  'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie.**



## Verkeerde belydenisse

- **Praat heeltyd van jou stryd met die duiwel en hoe hy beheer het oor jou.**
- **Hoe die vyand jou siek maak en gaan siek maak.**
- **Hoe hy dinge vir jou moeilik maak.**
- **Jou eie swakheid en tekortkominge.**
- **Jou eie mislukkings.**

**Verkeerde belydenis vernietig jou geloof.**

**Dit maak die vyand groot.**

**Dit vul jou met vrees en swakheid.**

**Dit kan die werk van God kanselleer in jou lewe.**

**Jy sê indirek dat God 'n verloorder is en dat God se woord nie waar is nie.**

## Bely Jou Sondes – En Dink Nie Weer Daaraan Nie

**1 Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**

**Joh 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.**

- **Bely, kry klaar en beweeg aan. (Fil 3:14)**
- **God dink nie meer aan jou sondes nie.**

**Heb 8:12 Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.**

**Isaiah 4:25 I, even I, am He Who blots out *and* cancels your transgressions, for My own sake, and I will not remember your sins.**

**Psalm 103:12**



## Bely Genesing In Jou Liggaam en Gees

**Psa 107:20 Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.** ✔

**Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.** ✔

- **Bely God se Woord.**
- **Bely wat jy glo, dat Jesus regeer in jou lewe. (Sy heerskappy)**
- **Jou liggaam en gees sal begin reageer.**
- **Onthou jou nuwe status (nuwe skepsel; kind van God; gered)**

## Bely Dat Jy Nie Meer Vrees en Bekommernis Het Nie

**1Pe 5:7 Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.** ✔

**Jes 41:13 Want Ek, die HERE jou God, gryp jou regterhand aan, Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou.** ✔

**Mar 5:36 Maar dadelik, toe Jesus die woord hoor wat gespreek is, sê Hy vir die owerste van die sinagoge: Moenie vrees nie; glo net.**

- **Bely jy is bekommernis vry.**
- **Bely die Here sorg vir jou.**
- **Bely jy gaan nie meer vrees nie.**
- **Bely die Here help jou.**

## Bely Dat Die Here Jou Herder is en dat Niks Jou Sal Ontbreek nie

**Psa 23:1 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.**



**Fil 4:19 En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.**






**1 Kor 11:23-26 - 30**